


Vuk'uzenzele

Produced by: Government Communication & Information System (GCIS)

English / Afrikaans

January 2021 Edition



**Matric
results -
how to
cope**


Page 4



**Apply for
an overseas
scholarship**

Page 9

Job creation is the icing on top of entrepreneurship



■ Pastry chef Gugu Mazibuko is making his mark in the cake industry while also creating jobs and boosting the South African economy.

Dale Hes

Pastry chef Gugu Mazibuko (25) is building a reputation as a cake decorating king in Pietermaritzburg, KwaZulu-Natal (KZN), where he runs his own confectionery business.

Mazibuko grew up in Ulundi in northern KZN. His mother was a good baker and this inspired the young Mazibuko to pursue a career in food.

"I knew that I wanted to be in food, but I didn't know which path I wanted to take. I went to several different colleges before I eventually discovered that working with pastries was what I wanted to do," says Mazibuko.

Mazibuko studied to be a pastry chef through the International Hotel School, and then discovered a love for cake decorating.

"I didn't know if cake decorat-

ing could actually be a full-time career for me but, funny enough, I gained inspiration from the TV show Cake Boss, where this guy had become very successful with his cake decorating. This gave me some motivation to start my own business."

Mazibuko started advertising his services on social media, and then word began to spread about his business.

Gugu the Baker, as he is known in Pietermaritzburg, now creates a variety of beautifully decorated cakes for special occasions, such as weddings, birthdays and anniversaries, and also makes other small pastries for clients.

"I love the creativity of decorating cakes. Every client comes in with a different style and decoration that they are looking for,

Cont. page 2



To read Vuk'uzenzele download the GOVAPP on:



Search for SA Government on Google playstore or appstore

CONTACT US

Website: www.gcis.gov.za
www.vukuzenzele.gov.za

Email: vukuzenzele@gcis.gov.za
Tel: (+27) 12 473 0353

Tshedimosetso House:
1035 cnr Frances Baard and Festival streets, Hatfield, Pretoria, 00083

FREE COPY NOT FOR SALE



"DIT IS NOU TYD DAT ONS ALMAL TER ERE VAN NELSON MANDELA MOET SAAMWERK OM 'N NUWE, BETER SUID-AFRIKA VIR ALMAL TE BOU."

PRESIDENT CYRIL RAMAPHOSA

#SendMe

LAAT JOU TOEKOMS BETER WEES
LEER VAN MADIBA



SA is besig om MIV en vigs te oorwin

Ons kan nie te midde van ons pogings om die verwoestende koronaviruspandemie te beheer, ander openbare gesondheidsuitdagings wat ons land in die gesig staar, ignoreer nie.

Die land is al vir meer as drie dekades in 'n voortdurende stryd teen MIV en vigs gewikkel, wat baie lewensverliese, swaarkry en lyding veroorsaak.

Baie MIV-, vigs- en tuberkulosedienste is swaar getref deur die uitbreek van COVID-19, die landwye grendeltydperk en die druk op ons gesondheidsfasiliteite. Dit hou 'n uitdaging in vir mense wat getoets is en met antiretrovirale behandeling begin het. Baie mense sukkel om hulle medisyne te gaan haal en minder mense het toegang tot ander dienste, soos vrywillige manlike mediese besnyding.

Ons het terselfdertyd baie lesse uit ons openbare gesondheid se reaksie op die koronaviruspandemie geleer, wat ons stryd teen MIV en TB kan versterk.

Suid-Afrika het steeds die grootste aantal mense ter wêreld wat met MIV leef. Dit is egter bemoedigend dat ons oor die afgelope dekade vordering gemaak deur die aantal nuwe MIV-infeksies in die bevolking met byna 60% te verminder.

Dit is ook bemoedigend dat MIV-infeksies in tienermeisies en jong vroue oor die



afgelope dekade aansienlik afgeneem het. Dit is 'n deurslaggewende groep, want hulle is baie meer geneig om in gevaar te wees om MIV te kry.

Ons behandelingsprogram het tot 'n afname van 60% in die aantal sterftes as gevolg van vigs, bygedra. Daar is ook 'n groter afname in MIV-verwante sterftes onder jongmense.

Dit was moontlik om die aantal sterftes te verminder omdat ons, saam met ons vennote, 'n uitgebreide antiretrovirale program van stapel gestuur het, wat miljoene mense wat met die siekte lewe, bereik het.

Ons program om moeder-na-kind-oordrag (PMNKO) van MIV te voorkom het aan die begin van die dekade baie lae dekking gekry. Ons het nou een van die hoogste dekkingskoerse van PMNKO in Suider-Afrika, wat die infeksiekoers onder kinders

beduidend laat afneem het.

Hoewel sterftes en nuwe infeksies afgeneem het, is ons steeds ver van die doelwit af waartoe ons onsself in 2016 verbind het, naamlik om teen 2020 'n afname van 75% in MIV-infeksies te bereik. Indien ons sukses behaal, sal ons vigs as 'n bedreiging vir openbare gesondheid waarskynlik teen 2030 kan beëindig.

Ons is ongelukkig nog nie daar nie. Ons moet baie meer doen om te verseker dat jongmense bemagtig word om infeksie te voorkom, insluitend deur gedragsverandering, toegang tot kondome en gereelde toetsing. Ons moet sekere maak dat daar veilige besnyding behoort nie vir jong mans lewenslange probleme te veroorsaak nie en niemand behoort as gevolg van besnyding te sterf nie. Ons moet sekere maak dat daar veilige besnyding vir jong mans is.

Ons is bemoedig deur die bevindings van 'n onlangse studie oor voorblootstellingsprofilakse (VBP). VBP behels die gereelde gebruik van antiretrovirale middels deur MIV-negatiewe mense om infeksie te verhoed, anders as antiretrovirale behandeling wat aan MIV-po- sitiewe mense gegee word.

spuit. Ons moet die stigma en diskriminasie teen dié bevolkingsgroepes stopsit. Ons kan nie poog om MIV te beëindig as ons die behoeftes, belang en regte van enige deel van ons bevolking ignoreer nie.

Suid-Afrika moet sy pogings om jong mans medies te besny uitbrei, om hul risiko om MIV op te doen, te verminder. Onveilige besnyding behoort nie vir jong mans lewenslange probleme te veroorsaak nie en niemand behoort as gevolg van besnyding te sterf nie. Ons moet sekere maak dat daar veilige besnyding vir jong mans is.

Ons is bemoedig deur die bevindings van 'n onlangse studie oor voorblootstellingsprofilakse (VBP). VBP behels die gereelde gebruik van antiretrovirale middels deur MIV-negatiewe mense om infeksie te verhoed, anders as antiretrovirale behandeling wat aan MIV-po-

ositiewe mense gegee word. Die studie, wat deur wetenskaplikes van die Netwerk vir MIV-voorkomingsproewe uitgevoer is, het bevind dat langwerkende inspuitings, een keer elke agt weke, beter werk as die daaglikse pil wat vir MIV-voorkoming gebruik word. Dié bevindings het die potensiaal om ons reaksie op die epidemie aansienlik te versterk.

As ons vigs binne die volgende dekade as 'n bedreiging van openbare gesondheid wil beëindig, moet ons dié mediese deurbraak met fundamentele gedragsveranderinge combineer. Ons moet ook die ekonomiese en gemeenskaplike toestande wat tot hoë infeksiekoerse bydra, aanpak.

Een van ons belangrikste take is om tienermeisies en jong vroue opvoekundig, ekonomies en maatskaplik te bemagtig. Hulle moet in staat gestel word om hul eie besluite oor elke aspek van hulle lewens te maak, insluitend hulle seksualiteit en seksuele gedrag.

Ons sal uiteindelik die einde van vigs bereik deur die bemagtiging van jongmense, vroue en ander mense wat in gevaar is. Dit sluit bemagtiging deur toegang tot inligting, raad en ondersteuning in sowel as toegang tot onderrig en ekonomiese geleenthede, veral vir jong vroue.

Bemagtiging beteken ook dat elke persoon toegang tot toetsing, behandeling en ander gesondheidsdienste moet hê.

Die mense van Suid-Afrika het so ver gekom, soveel verduur en soveel vordering in die stryd teen MIV, vigs en tuberkulose gemaak. Kom ons verskerp onsvoorneme en ons optrede om vigs vir eens en vir altyd te konfronteer en te oorwin.❶

Nog 'n kans om matriek te slaag

Cathy Grosvenor

Die boodskap van die Departement van Basiese Onderwys (DBO) se Second Chance-ondersteuningsprogram is dat dit nooit te laat is om matriek te slaag of die uitslae te behaal wat jy wil hê nie.

Die programdirekteur, Dr. Sandy Malapile, sê dat 'n matriekkwalifikasie 'n absolute noodsaaklikheid is aangesien baie deure na geleenthede daarsonder gesluit bly.

"Sektorale Onderwys en Opleidingsowerhede (SETA's) is die taak opgelê om die nasie se vaardigheidsvlakte te verbeter deur opleidingsprogramme en vakleerlingskappe en vereis ook dat kandidate matriek het," sê Dr Malapile.

Die Second Chance-program, wat in Januarie 2016 geloods is, ondersteun enigiemand — van enige ouderdom — wat vak-vir-vak en deeltyds 'n matriekkwalifikasie wil behaal of hul uitslae wil verbeter. Daar is geen koste aan verbonde nie.

Wie kwalifiseer?

- Mense wat hulle matriekuitslae wil verbeter, het sy hulle onlangs of selfs dekades gelede matriek geskryf het. Dr. Malapile verduidelik dat 'n persoon wat byvoorbeeld 'n ingenieurskwalifikasie wil verwerf, moontlik hulle wiskundepunt moet verbeter om vir die kursus te kwalifiseer.
- Mense wat matriek gedruip het en 'n tweede kans wil hê om te slaag.
- Mense wat die skool verlaat het nadat hulle graad 9 (destyds standerd 7) geslaag het, of mense wat 21 of ouer is en matriek wil verwerf.

Hoe om te begin

Registreer by een van die 75 distriksonderrigkantore landwyd of aanlyn by:



www.eservices.gov.za

Registrasie het op 1 Oktober geopen en sal in Februarie 2021 sluit. Leerders studeer óf na-ure op hulle eie óf by een van die 133 Second Chance-sentrum waar onderrig na-ure en oor naweke van aangesig-tot-aangesig plaasvind.

Dr. Malapile sê dat slegs die top presterende onderwysers in elke distrik by hierdie sentrum werk. Daar is nie 'n sentrum in elke stad of dorp nie, maar slegs in gebiede waar die meeste mense geregistreer het; dit beteken dat hul ligging elke jaar kan verander.

Leerders wat van aangesig-tot-aangesig leer sowel as leerders wat by die huis studeer het toegang tot 'n volle reeks studie-ondersteuningsdienste, wat wissel van lesse wat op spesifieke tye op radio en televisie uitgesaai word, tot aanlynmateriaal wat afgelaai kan word. Vir diegene wat nie toegang tot rekenaars, drukkers en die internet het nie, word gedrukte studiemateriaal deur

die DBO aan hulle gestuur. Mense wat 'n rekenaar het, maar geen internet of data nie, mag 'n CD met al die studiemateriaal aanvra, wat aan hulle gepos sal word.

"Volwasse leerders mag dalk nie baie tyd hê om aan hulle studies te bestee nie. Hulle kan gelukkig besluit hoeveel vakke hulle per jaar wil neem, omdat hulle nie hul matriek binne 'n vasgestelde tyd moet voltooi nie."

Die DBO sal elke ouer leerder help, sodra hulle geregistreer is, om die vakke te kies wat hulle wil neem en verduidelik watter verpligtend is.

Wanneer mense wat die skool na 2008 verlaat het, slaag, sal hulle 'n Nasionale Senior Sertifikaat ontvang en diegene wat die skool vroeër verlaat het, sal 'n Gewysigde Senior Sertifikaat ontvang. Dr. Malapile sê egter dat albei kwalifikasies dieselfde gewig dra en, afhangende van die vakke wat geneem is en punte wat behaal is, gebruik kan word om by universiteite en kolleges aansoek te doen.

Kry tweede kans!

Die DBO hou gemeenskapsveldtogene om mense aan te moedig om vir die Second Chance-program in te skryf. Tersiêre onderriginstansies en SETA's word genooi om soveel inligting moontlik aan belangstellendes te verskaf.

By verskeie van hierdie veldtogene het die jeug Minister Angie Motshetla gevra om programme bekend te stel wat jongmense kan help om meer geskik vir indiensneming te wees, sê Dr. Malapile.

Die DBO het gereageer deur vanjaar 'n vaardigheidswikkellingsprogram te loods wat gerig sal wees op ongeveer 3,4 miljoen jongmense wat nie werk, onderrig of opleiding het nie. Kursusse sal wissel van lewensvaardighede — wat onderwerpe soos hoe om 'n CV te skryf en wat om by 'n werksonderhoud te doen, dek — tot basiese

vaardigheidskursusse soos hoe om skoene te herstel, basiese Inligtingstechnologie en -kommunikasie en geletterdheid. 

Het jy geweet?

- Jy moet die huidige kurrikulum volg, ongeag of jy in die 60's of onlangs die skool verlaat het.
- Die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel maak ook voorsiening vir mense wat voor graad 9 die skool verlaat het, deur die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding se basiese onderrig- en opleidingsprogramme vir volwassenes.